**In Sani - SOTA**

**Reelings vir die naweek 5 tot 9 Augustus 2011.**

Daar is 'n moontlikheid om vier pieke te aktiveer naamlik:

Hudson piek noord en suid, moshoeshoe se vinger, Twaalf apostels en Generaals kop.

Generaals kop is in die Vrystaat en die res is in Kwazulu Natal.

**Reis en verblyf.**

Ons vetrek uit Secunda die Vrydag 5 Augustus 2011, en reis na Underberg. Hoffie asook ek en my gesin ry Vrydag en Lucas gaan ook Vrydag ry, Sid sal ons in Underberg kry.

Verblyf was baie beperk in die weer gaan ons ook nie kamp nie. Slegs kamp plek is beskikbaar by Sani Top chalet dus sal ons onder in Kzn moet oornag.

Ek en Hoffie gaan Saterdag die Kzn pieke aktiveer, Sondag deur Lesotho reis na die Golden Gate Hoogland Park om te oornag en Maandag 8 Augustus die Generaalskop aan te durf en te aktiveer. Ek is nie 100% seker van Lucas en Sid nie. Lucas en Sid kan besluit om die vier pieke rondom Sani te aktiveer hulle is egter welkom om saam te gaan FS toe. In die vermoedelik sneeu bedekte Hudson pieke in die koue aan te durf is 'n stap van sowat 4 ure in die koue weer.

Die span slaap twee nagte oor in die Backpackers by Sani lodge, Lucas en Sid mag dalk langer aanbly.

Voedsel en drank is op eie reeling en diskresie, almal word aangeraai om 'n braai dingetjie saam te neem vir ten minste Saterdag aand.

Dinsdag word deurgebring in Clarens en oppad huistoe.

**Veiligheid**

Dit is bitter koud waar ons gaan. Neem asb genoeg warm klere saam, hoof beskerming en handskoene is baie belangrik. Neem ten minste twee liter water per persoon saam indien jy vasval in die sneeu pad dat jy nie van dors sterf nie. Ek neem 'n noodhulpsak saam, maar sorg dat jy die nodige basiese noodhulp sak in die motor het.

Indien jy kroniese medisyne gebruik maak asb seker dit is ingepak. Diabete moet n 'hypokit' saamneem.

Maak seker die motor het anti vries verkoeling in. Neem 'n seiltjie saam om voor die verkoeler te hang om te keer dat die water in die verkoeler vries en die motor oor verhit.

Diesel motors bestuurders maak asb seker die gloei proppe is in werkende toestand en vul op met diesel in Underberg, die diesel daar het 'n laer CFPP (cold filter plugging point). Dit sal dus nie sommer gel in die filter weens die koue nie.

Maak asb seker dat jy 'n puncture repair kit asook n sterk genoeg sleeptou in die voertuig het. Daardie kompressortjies in meer as hulle geld werd.

**Lesotho admin**

Almal benodig paspoorte, paspoorte moet  ten minste 6 maande geldig wees.

Voertuig registrasie papiere /bank goedkeuring brief benodig

Voertuig versekering en toestemming brief word benodig

Koop derde party versekering by die grenspos van Lesotho

**Toerusting**

FT-857D (Christo)

2 x 7 Ah batterye (Christo)

Inverted V 20/40/80M (Lucas)

5 element 2M (Christo)

TS-50 (Sid)

Battery (Sid)

**Rugsteen toerusting**

IC703

IC battery

40M G5RV


**Frekwensies**


Sota: 3720SSB, 7080SSB, 14160SSB  asook 144300SSB


Mobiel: 145.500Mhz

**Piek inligting**

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| KN-010 | 3256 | 10680 | HodsonPeakSouth | "29,37.4" | "29,17.2" | 01-Jan-03 | 10 |
| KN-011 | 3251 | 10663 | HodsonPeakNorth | "29,37.0" | "29,17.6" | 01-Jan-03 | 10 |
| KN-032 | 2974 | 9755 | MohoeshoeFinger | "29,35.5" | "29,17.3" | 01-Jan-03 | 8 |
| KN-035 | 2913 | 9555 | TwelveApostles | “29,35.0" | "29,18.5" | 01-Jan-03 | 8 |
| FS-002 | 2731 | 8963 | Generalskop | 28 33.0 | 28 37.5 | 01-Jan-03 | 8 |


OziExplorer - 2929CB
File Select View Map Options Moving Map Navigation Garmin Help
Quit Load Save Wpt Evt Drag Info Index Name
29.582398° S 29.326966° E UTM 35J 7 25 396E 67 25 226N WGS 84
Map Waypoint Event Track Route
Sani Top
The Twelve Apostles
STATE LAND
Agate Vale
Sakeng
Giant's Cup
Masubasuba
Waypoints Used : 4 of 10000 (GPS:3000) Events Used : 0 of 500
09:36 PM
2011/07/26


Google Earth
File Edit View Tools Add Help
Search
Fly To Find Businesses Directions
Fly to e.g., Tokyo, Japan
woodhouse peak, south africa
woodhouse peak (1 - 10)
Peak Foods Llc
1903 W Main St # B, Troy, OH 45373-1153
Peak Supply Co
3112 Scioto Darby Executive Court, Hilliard, OH
Places
Hodson's Peak North - ZS/K...
Generalskop - ZS/FS-002
Generalskop - ZS/FS-002
Generalskop - ZS/FS-00...
Layers
Earth Gallery
Primary Database
Borders and Labels
Places
Generalskop - ZS/FS-002, 8 points
Image © 2011 CDNGI
© 2011 AfriGIS (Pty) Ltd.
© 2011 Tele Atlas
Google
Imagery Date: 1/1/2009
2009
28°33'04.68" S 28°37'47.17" E elev 2690 m
Eye alt 3.54 km
06:11 PM
2011/07/26




**Die naweek het aangebreek!**

Uiteindelik het die naweek aangebreek met nuus dat dit baie koud gaan wees en dat ons bykans verseker gaan wees van sneeu – nie goeie nuus vir n SOTA nie.

Hoffie het soos afgespreek vroeg vertrek na die Sani backpacker lodge, ek het so 14:00 hier gery na Himeville en Lucus het na 15:00 vertrek. Met die nuus van die koue weer en dat die Sani moontlik gesluit kan wees het Lucas besluit om as chaser vir Sid by te staan.

Ons het die eerste tekens van sneeu net buite Harrismith gekry en vermoed hier kom dalk n sneeu naweek.



Sowat 20:00 die aand is my voertuig met klippe gegooi net buite Howick gelukkig het my gesin geen ernstige beserings opgedoen nie maar ons rit is vertraag met 90 minute, intussen het Hoffie vuur gemaak en die eerste bottel rooiwyn na groener weivelde gestuur.

Die volgende oggend het redelik nat en renerig begin, die SOTA kit was gepak en ons gereed vir die Mosesh se vinger.  Ons het gehoop dit lyk beter boontoe want onder het dit redelik koud gelyk





Intussen het Chris by ons aangesluit op sy roete na Richardsbaai hy het so kort ompaadjie geneem, gelukkig het Chris ook 'n draagbare antenna mas saamgebring. En ons beur voort na ons piek.



Ons is heelparty keer opgehou deur voertuie wat op die gevriesde grondpad gegly het, hier wag ons ons kans af om verby een so voertuig te gaan, agterhoede word opgemaak deur Chris, middel is Hoffie en voor is my wa.  Die kondisies kan nou mooi gesien word.

Bo aangekom het die kondisies so versleg dat ons nie eers die Sani Top chalet kon sien vanaf die grenspos nie en die sneeu was ten minste 40 cm diep van die pad af, sigbaarheid was onder 50m.

Ons het daar besluit dit is te gevaarlik om na die piek te stap wat ons nie kan sien nie en ook omdat dit onophoudelik gesneeu het. Warm verversings is geneem in die hooste kroeg van Afrika voordat die terugtog aangepak is. Die pas was besonder besig en dit het ons net so langer geneem af teen die pas as boontoe.  Hoffie moes sy motor op ‘suicide bend’ los omdat die grondpad oorvries is met n laag ys en sy motor met tye gegly het – goeie besluit.



Die volgende oggend was dit ons reisdag na Golden Gate vir ons volgende aktivering van FS002. Dit was ‘n besonders kalm oggend na ‘n nag van sneeu en reen. Die lug was skoon helder en my bakkie is toe gevries maar ons moes eers Hoffie se voertuig gaan herwin.  Hierdie keer was die pad harder gevries gelukkig was ons van die eerstes op die pas en kon ons vining vorder tot bo en die herwinning doen .



Die roete deur Lesotho was toe gesneeu en ons sou nie die volgende grenspos kon bereik betyds om na ons volgende oornag punt te reis nie em het ons besluit om ‘n stukkie landskap roete te volg en die sneeu te geniet, die reis na die Basotho Cultural Village was sonder voorval maar vol genot.



Die volgende oggend na ‘n gemoedelike aand rondom ‘n braai het ons die FS002 Generaalskop aangedurf, ons het egter te laat vertrek en moes oorskuif na die FS003 Woodhousekop.  Ons het slegs QRP gewerk en binne n halfuur al ons benodigde kontakte gemaak.



Die toerusting in gebruik was n IC703 met sy herlaaibare battery en n 20/40m dipool antenna van Hoffie. Die SWR op die antenna was besonder laag en was verseker die sleutel tot ons goeie ontvang seine.

Dankie aan almal wat vir ons uitgeluister het en teruggekom het op ons roep dit maak die stap en reis alles die moeite werd.

Die volgende SOTA is alreeds in beplanning maar die keer vir ‘n warmder gedeelte van die land, Laeveld begin vir my na opsie lyk en ons moet ook ons reistyd dophou dat dit nie te ver raak nie.

Die naweek was vol avontuur en my interne batterye is weer bietjie opgelaai.

Sien julle by die volgende warmder SOTA.